Die Burger 28 Julie 1993

WDJ bring weer eens 'n helder, nugtere boodskap

Freek Serfontein, Cooperstraat 21, Durbanville, skryf:

In die rubriek "Geestelike Waardes" in Die Burger van 17 Julie 1993 kom WDJ vir die soveelste keer "tot die redding" van gelowiges.

Op sy kenmerkende, helder manier skryf hy oor die groot Bybelse waarheid dat God in beheer van die geskiedenis is. Maar dan verduidelik hy dit nie aan die hand van een of ander ingewikkelde teologiese denksisteem nie. Hy probeer homself nie in God se skoene indink en sê hoe hy dink die dinge inmekaar steek nie.

Nee. Hy laat God die plek beklee wat Hom toekom. En vir ons as mense laat hy die basiese bestanddeel wat in ons verhouding tot God so noodsaaklik is, nl. vertroue. En so hoort dit.

God is nie op ons "vlak" nie. God is ver bo ons verhewe. Hoe Hy dink en doen en dinge laat gebeur, is nie altyd vir ons duidelik nie. Al leef ons in die eeu van die wetenskap en tegnologie, waarborg dit nog nie dat ons alles van God kan weet nie.

Die woorde van Jesus – "Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie" (Luk. 18:17) – is nog net soveel op ons van toepassing.

Dit gee gemoedsrus en vrede in 'n tyd waarin baie mense moedeloos is en nie vrede in hulself het nie weens baie dinge wat daagliks om hulle gebeur. Dit terwyl gelowiges weet dat God se styl is "om met gebruikmaking van die kragte wat in die geskiedenis werk, die geskiedenis te lei na die doel wat Hy daarmee het (WDJ)".

Dankie, Hemelse Vader, en dankie aan WDJ.